

Veiligheidshandleiding Vir Die Gesin.

Inleiding:

1. Hierdie riglyne is vir die gerief en maklike verwysing saamgestel vir riglyne vervat in verskillende pamflette wat die SA Polisie diens van tyd tot tyd uitgereik het vir die bekamping van misdaad asook uit ander bydraes.
2. Baie van die riglyne word alreeds deur baie van u toegepas en is derhalwe niks nuuts nie terwyl u wel van die ander bewus mag wees maar dit nie toepas nie. Die doel van hierdie pamflet is derhalwe weereens soveel as moontlik van die nuttige riglyne en veiligheidswenke onder die aandag te bring met die versoek dat lede van die gemeenskap dit sal gebruik om die maksimum veiligheid vir hulle gesinne te bewerkstellig en dat daar met behulp van die Buurtwagstelsel en in samewerking met die SA Polisie diens 'n veel veiliger gemeenskap geskep kan word, dit wil sê vir kleuters, jong mense, ouers en senior burgers.
3. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat voorkoming, wakkerheid en gereedheid die beste wapens teen misdaad is. As ons weet wat om te doen, en dit nougeset doen en voortdurend gereed en ook bedag is op verdagte optrede en en noue samewerking met die bure en met die SA Polisie diens optree kan 'n relatief misdaadvrye en veilige lewe verseker word.
4. Hierin verder word die verskillende aspekte ten opsigte van veiligheids voorsorgmaatreëls uiteengesit sodat u daaruit kan gebruik volgens u spesifieke behoeftes.

5. Beveiliging van die woning:

5.1 Vensters:

- Rus alle venters wat oopmaak met goeie kwaliteit diefwering toe.
- Om diefwering ook voor vaste ruite aan te bring verseker bykomende veiligheid aangesien daar deesdae van gesofistikeerde apparaat gebruik gemaak word om sulke ruite geruisloos te verwyder veral wanneer 'n gesin uit is. Dit sal ook verhoed dat 'n skadelike voorwerp deur die ruit gegooi kan word.
- Goeie diefwering voor die badkamer en toiletvensters is noodsaaklik omdat dit 'n gunsteling toegangspunt van booswigte is.
- Moet nooit met 'n oop venster slaap indien daar nie diefwering voor is nie, ook op verdiepingsvloere in woonstelle waar sodanige versters naby afleipype geleë is.

5.2 Deure:

- Sorg dat alle buitedeure van die woning deur goeie kwaliteit veiligheidsdeure beskerm word. Ligte kwaliteit veiligheidsdeure kan maklik mee gepeuter word.
- Veiligheidsdeure moet met goeie kwaliteit slotte toegerus wees.
- Deure aan die binnekant van die veiligheidsdeur behoort met 'n veiligheidsketting toegerus te wees terwyl 'n loergaatjie noodsaaklik is vir vooraf identifisering.
- Vermoedlik moontlik buitedeure met glaspanele omdat dit inderwaarheid baie min weerstand teen indringing bied.
- Dit is noodsaaklik om orals in die huis goeie kwaliteit slotte te installeer met byvoorbeeld 4, 6 of meer klawers aangesien dit die suksesvolle gebruik deur inbrekers van die gewone lopersleutels beperk.

- Hou alle veiligheidsdeure te alle tye gesluit en skerp dit as 'n vaste reël by die hele gesin in en stel 'n prosedure op wat die in- en uitgaan deur die lede van die gesin doeltreffend kan reël. Dink byvoorbeeld aan die installering van die gewone deurklokkie of interkomstelsel.
- Verwyder te alle tye die sleutels uit buitedeure en plaas dit op 'n veilige afstand weg van die deur.
- Goeie veiligheidsdeure maak dit moontlik dat die gewone buitedeur opgelat kan word vir ventilasie wanneer die gesin binne ontspan.

6. Agterplaas en heinings:

- Swak plekke in die omheinings van die erf, soos plekke waar daar maklik oorgeklim kan word behoort in samewerking met die bure aandag te geniet. Daar kan selfs van lemmetjiesdraad gebruik gemaak word.
- Die doeltreffende afskorting van die agterkant van die erf van die voorkant deur middel van 'n sterk veiligheidsheining met toegangshekke skep 'n veiligheidsone waar die huisvrou haar buitetakies kan verrig, waar kinders en veral kleuters kan speel, waar sonder bekommernis aan die motor gewerk kan word of waar daar ontspan kan word.

7. Sleutels:

- Dit is belangrik om die duplikasie van alle sleutels in die huis behoorlik te merk en op 'n baie veilige plek te bewaar naamlik op 'n plek waar geen ongemagtigde persoon toegang het nie.
- Vyl die nommers van al die sleutels in gebruik af sodat dit nie geïdentifiseer kan word vir die aankoop van duplikate deur ongemagtigde persone nie.
- Indien enige sleutel van die buitedeur, hetsy die houtdeur of veiligheidsdeur, op 'n onverklaarbare wyse wegraak moet die slot so spoedig moontlik vervang word om te verhoed dat u eie sleutel toegang tot u huis aan vreemdelinge verleen.
- Moenie 'n sleutel bo-op 'n deur, onder 'n mat of in die naaste blombak, of op enige ander plek waar 'n indringer dit kan vind los wanneer u uitgaan nie. Booswigte ken hierdie prosedure en gebruik dit. Sorg eerder dat lede van u gesin elk oor 'n eie buitedeur sleutel beskik en dat hulle terdeë bewus is van die belangrikheid daarvan om dit sorgvuldig te bewaar.
- Moet nie u naam en adres op die sleutelhouers van enige van u sleutels aanbring nie want indien dit sou verloor stuur u die booswig reguit na u huis of motorkar. Deur die telefoon te gebruik word vasgestel wanneer u nie tuis is nie en dan kan u huis besoek word.
- Moenie 'n sleutel van u huis aan 'n bediende toevertrou nie, alhoewel sy betroubaar mag wees, mag sy moontlik onderhewig wees aan ernstige intimidasie deur misdadigers of selfs familieledes om die sleutel te oorhandig sodat 'n duplikaat gemaak kan word.
- Enige sleutel wat aan die binnekant in die slot gelaat word kan maklik deur 'n indringer op papier uitgestoot en uitgehaal word.

8. Waghonde:

- 'n Opgeleide waghond met 'n kleiner hond as aanhitser kan 'n groot bate as afskrikmiddel wees mits die eiendom sodanig omhein is dat hulle kan rondbeweeg sonder om 'n gevaar vir die publiek in te hou.
- 'n Klein wakker hondjie wat in die huis slaap, word geag 'n baie goeie alarm te wees deurdat hulle met hulle fyn gehoor vroegtydig kan waarsku teen ontydige indringers terwyl hulle bedags die groter honde aanhits.

9. Beveiliging van uself en u besittings:

- Die graving van meubels en besittings maar veral elektriese toerusting is van groot belang aangesien dit die SA Polisie diens kan help met die identifisering van items wat uit u huis gesteel is. Ook kledingstukke behoort gemerk te word vir identifisering.
- Sluit te alle tye motorhuisdeure om te verhoed dat booswigte presies kan vasstel wat in die motorhuis is.
- Dit is belangrik om alle gereedskap soos grassnyers, kruywaens, grawe, vurke, pikke ensovoorts wanneer dit nie in gebruik is nie, agter slot en grendel te bewaar.
- Moenie wasgoed oornag op die wasgoeddraad laat nie, asook nie wanneer u gedurende die dag u huis verlaat indien daardie deel van die erf nie behoorlik afgeskort is nie.
- Wanneer u u huis verlaat, selfs vir 'n halfuur, wees altyd bedag op persone wat in die omgewing rondsit, blykbaar sonder doel aangesien hulle oor genoegsame inligting van u eiendom en u bewegings mag beskik om binne die bestek van 'n paar minute 'n inbraak te pleeg. Verwittig u bure, of die SA Polisie diens, van sulke verdagte persone.
- 'n Goeie brandkluis wat baie goed verskuil is in u huis kan 'n baie waardevolle funksie vervul maar indien dit opsigtelik geplaas is kan dit as lokmiddel dien vir inbrekers.
- Dit is aangewese om waardevolle items soos juweliersware, muntversamelings aandelesertifikate, testamente en dies meer liewers by 'n bank te laat berê waar dit ook beter teen brand en diefstal beskerm is.
- Moenie kleiner waardevolle items soos horlosies, juwele, dra-radio's ensovoorts op die vensterbank laat nie, selfs nie al is daar diefwering nie, dit is 'n uitnodiging aan diewe.
- Moet nooit in die agterplaas werk met die deure aan die voorkant van die huis oop nie of moet ook nie aan die voorkant werk met die deure aan die agterkant van die huis oop nie. Dit kan aan 'n dief of diewe die geleentheid gee om die huis binne te sluip en u later te verras of dit kan hom of hulle in staat stel om waardevolle items binne die bestek van enkele minute uit die huis te verwyder. Hierdie aspek geld veral senior burgers, kinders, of ouers wat alleen tuis is.
- Moenie u naam op u hekkie of op u huis aanbring nie omdat dit dan baie maklik is om u telefoon nommer na te slaan en deur te skakel vas te kan stel wanneer u nie tuis is nie en wanneer daar dan toegeslaan kan word.
- Moenie êrens op u hek of huis aandui dat u mejuffrou of mevrou is nie want dit maak u kwesbaar.
- Duidelike nommers op u posbus, hek en huis is noodsaaklik omdat dit vir die SA Polisie diens, die Brandweer, ambulans of enige ander nooddienste dan maklik sal wees om u huis op te spoor.
- Moenie groot somme geld in die huis aanhou nie want dit kan tot groot skade lei.
- Hou u tjekboek, kredietkaarte en spaarbankboekies te alle tye op 'n veilige plek buite bereik van ongemagtigde persone in die huishouding.
- Bo-op die yskas in die kombuis is seker die onveiligste plek om u handsak, horlosie en dra-radio te plaas aangesien die meeste booswigte die plek ken en maklik in en uit kan glip met een of al die items wat daar geplaas is.
- Bêre die verskillende kleiner tipe waardevolle items op verskeie plekke in u huis. Dit kan dien om die inbreker te vertraag en u die geleentheid gee om alarm te maak. Deur die inbreker te verplig om na verskeie wegsteekplekke te soek word hy voor verskeie risiko's geplaas wat hulle gewoonlik nie wil neem nie wat hulle dan kan laat besluit om te vertrek.

10. Vreemdelinge en Besoekers:

- Moenie die deur vir vreemdelinge oopmaak nie. 'n Loergaatjie of veiligheidsketting sal u in staat stel om persone eers te identifiseer.
- Onder geen omstandighede moet 'n persoon u huis binne gelaat word voordat hy behoorlik geïdentifiseer is en u met die doel van sy sending tevrede is.

Pasop vir vreemdelinge wat:

- aanbied om los werkies in en om die huis te doen
- versoek of daarop aandrang om u telefoon te gebruik
- dringend 'n toilet wil gebruik, of
- enige verskoning om u huis binne te kom aanvoer.

Indien u probleme ondervind, skakel u buurman, of die SA Polisie diens

- Pasop vir vreemdelinge wat u onverwags nader met die een of ander buitengewone winsgewende belegginskema, of wat sonder klaarblyklike rede u vertrou probeer wen of wat opvallend baie geïnteresseerd is in u en u gesin se welstand. Swendelaars gebruik verskeie metodes om mense te kul of te beroof. Dit kom dikwels ten opsigte van senior burgers voor.
- Moenie u veiligheidsdeur oopmaak om 'n pakkie, pos of telegram te ontvang nie, tensy u die draer goed ken. Onthou dat sulke artikels ewe maklik deur die opening van die veiligheidsdeur ontvang kan word.
- Wees besonder versigtig vir draers van kollektelyste of persone wat kos vra. Hou u veiligheidsdeur tussen u en hulle.
- Moenie u huis verlaat kort nadat u 'n nuwe bediende in diens geneem het nie. Sy moet haarself eers bewys. U kan moontlik by u terugkeer vind dat die bediende en verskeie waardevolle artikels verdwyn het. Dit is bekend dat sommige bediendes van die steel en verdwyn metode gebruik maak. As u moet uitgaan, moet die bediende maar verlief daarmee neem dat die huis in u afwesigheid gesluit sal wees.

11. Vuurwapens:

- Maak seker dat die moeder, vader en die groter kinders in die huis die vuurwapen ken en dit met vertrou en vaardigheid kan hanteer. Oefen so dikwels as wat u kan.
- Versorg u wapen gereeld en maak dit minstens elke twee weke deeglik skoon en olie liggies. 'n Wapen wat verwaarloos word is 'n groter risiko om te gebruik want dit kan weier wanneer dit moet gebruik word.
- Maak seker dat u vertrou is met die wetlike aspekte verbonde aan die gebruik van 'n vuurwapen om te verhoed dat u in ernstige moeilikheid beland indien die wapen verkeerdelik gebruik word.
- Sorg dat u wapen veilig weggebêre word wanneer dit nie in gebruik is nie, asook dat dit doeltreffend beskikbaar is wanneer dit vir nood benodig word.
- Ammunisie wat oud is kan u in die steek laat derhalwe moet dit deurlopend vervang word.
- Hou die wapen buite die bereik van kinders en van onopgeleide lede van die gesin. Dit is uiters noodsaaklik.
- Moenie u vuurwapen in u motor los wanneer u dit verlaat nie.
- Wanneer 'n vuurwapen met u saamgeneem moet word moet dit aan u persoon gedra word, hetsy in 'n baadjiesak of in 'n houer aan u persoon.
- Die diefstal van u vuurwapen moet onmiddelik aan die SA Polisie diens rapporteer word.

12. Voorsorg teen brande:

- Sorg dat die elektriese bedrading in u huis te alle tye in 'n goeie toestand is. Vermoed te alle tye die selfinstallering van tydelike bedrading.
- Maak seker dat geen elektriese kragpunte oorlaai word nie.
- Maak seker dat geen ligte in u huis, veral staan- en bedlampe, oor ondoeltreffende lampskerms beskik wat 'n brand kan veroorsaak nie.
- Maak seker dat elektriese apparaat of toerusting wat in u huis gebruik word in 'n goeie toestand is.

- Pas groot sorg toe met die gebruik van oop elektriese verwarmers gedurende die wintermaande en wys die gesin op die gevare wat dit inhou. Aangeskakelde, oop elektriese verwarmers mag nie alleen gelaat word nie, veral nie waar kleiner kinders hulle bevind nie.
- Hou vuurhoutjies te alle tye buite die bereik van kinders en onderrig hulle in die gevare van vuurhoutjies, sigaretaanstekers ensovoorts.
- Maak seker dat u 'n basiese kennis het van die blus van brande wat deur ontvlambare vloeistowwe, 'n elektriese kortsluiting, olie op die stoor, ensovoorts veroorsaak word, byvoorbeeld petrolbrande en elektriese kortsluitingsbrande mag nie met water bespuit word nie. Raadpleeg die plaaslike brandweer.
- Skaf 'n doeltreffende brandblusser aan en leer die hele gesin om dit te gebruik.
- Ander items wat doeltreffend by die blus van brande gebruik word is sand, nat komberse, 'n tuinslang wat aan 'n binnekraan gekoppel kan word.
- Wanneer 'n brand deur 'n elektriese kortsluiting veroorsaak word moet die hoofskakelaar in die huis dadelik afgeskakel word voordat met water daar naby gewerk word.
- Beplan veilige ontsnaproetes vir die gesin uit die huis met inagneming van waar die brand kan ontstaan en sorg dat elke lid van die gesin dit verstaan en ken.
- Lig u bure en ander lede van die Buurtwag in u onmiddellike omgewing in oor die brandbestrydings prosedures in u huis sodat hulp sinvol verleen kan word wanneer nodig.
- Maak seker dat u plaaslike brandweerstasie se nommer duidelik op u lys van noodnommers is.

13. Wanneer u met vakansie gaan:

- Probeer eerstens, indien moontlik, om 'n bekende te kry om in u huis te slaap gedurende die tyd wat u met vakansie is.
- Stel u sellede (bure) en die SA Polisie diens in kennis dat u weggaan, die tydperk wat u sal weg wees, u selfoonnommer, die telefoonnommer van u vakansieverblyf en wie toegang tot u erf en huis kan kry.
- Moenie notas wat aandui dat u weg is op u deur plak nie, dit trek aandag en booswigte lees dit.
- Moenie buite- en binneligte aanhoudend laat brand nie, want dit wek suspisie. Vra liewers een van u sellede om op bepaalde tye die ligte aan en af te skakel.
- Deur middel van 'n tydskakelaar wat op beplande tye aan en afskakel kan 'n lig of twee in die huis en buite asook 'n draradio of televisiestel doeltreffend gebruik word om die indruk te skep dat die huismense tuis is.
- Tref reëlins met 'n sellid om te sorg dat sommige van u huis se gordyne gedurende die dag oopgetrek en saans toegetrek word vir misleiding.
- Reëlins moet ook getref word om u asblik uit te sit al is dit met tuinafval in terwyl u pos daagliks verwyder moet word. Dit sal ook help indien die gras by geleentheid gesny kan word as is dit net voorlangs.
- Laat u buurman of sellid u huis se sleutels hanteer tydens u afwesigheid, hetsy vir 'n vakansie of naweek.

14. Veiligheid in u motor:

- Maak seker dat u motor altyd in 'n baie goeie meganiese toestand is sodat dit nie dalk onderweg onklaar sal raak nie.
- Moet nie pakkies of waardevolle besittings op die sitplekke laat nie. Sit dit liewer in die bagasiebak.
- Hou die deure gesluit en die vensters toe as u in u motor ry, veral in die stad waar daar dikwels by verkeersligte gestop word.
- Probeer altyd om u motor gedurende die nag agter slot en grendel te parker, indien dit nie moontlik is nie, kies dan 'n helder verligte plek. Dit kan booswigte in 'n mate afskrik.

- Moet nooit rylopers oplaai nie.
- Wees op u hoede wanneer vreemdelinge u by verkeersligte nader. Bestudeer die motor se spieëls voortdurend ten einde bewegings van persone agter en langs die motor waar te neem. Moet nie huiwer om dadelik weg te trek indien iets verdags opduik nie.
- Bestudeer altyd die voertuie agter u in u spieëls wanneer u ry en indien u vermoed dat u agtervolg word, ry reguit na die naaste polisiestatie. Hierdie optrede skrik booswigte gewoonlik af.
- As u onverhoeds bedreig word blaas die toeter aanhoudend om aandag te trek en die indringer af te skrik.
- Baie gevalle van motorroof en aanranding vind plaas in die oprit na wonings.
- Wanneer u die woning nader bestudeer die voertuig agter en voor u vir verdagte motors of persone en wanneer u na u woning indraai, bestudeer die oprit en omgewing vir enigiets verdag.
- Dra sorg dat waar enigsins moontlik daar nie struik en/of konstruksies langs u oprit en voor die motorhuis is waar boosdoeners u kan voorlê nie.
- **Wanneer u u motor uit die motorhuis na die straat uitry, onthou dat:**
- u die omgewing bestudeer vir verdagte persone
- u nooit die motor se masjien aangeskakel hou wanneer u die motorhuis en die erfhek gaan toemaak of opmaak nie. Sluit die masjien af en sluit die motor voordat u dit verlaat.
- Maak seker dat u motor se alarmstelsel te alle tye in orde is en dat dit gebruik word. Die immobiliseerder veral baie belangrik. Dit moet 'n stelsel wees wat deur die versekeringsmaatskappye aanbeveel word.
- Moet nooit snags alleen reis of op 'n verlate plek stilhou nie, veral as u 'n vrou of senior burger is.
- Verwyder altyd die skakelaarsleutel uit u motot en sluit wanneer u dit verlaat, selfs in die motorhuis.
- 'n Sluithaak wat die stuurwiel en rempedaal koppel het al vele diefstalle van motors voorkom.
- Hou sleepwaens met waardevolle inhoud te alle tye gesluit en probeer dit oornag op 'n veilige plek besorg.
- Moenie bagasie op u motor se dakrak of opsigtelik op die sitplekke laat vir die nag nie. Dit is 'n uitnodiging vir diefstal.
- Motorradio's of kassetspelers het 'n groot aantrekkingskrag vir diewe. Verwyder dit wanneer u die motor verlaat. Anders plaas dit in die bagasiebak indien moontlik
- Om te verhoed dat u motor se brandstof gesteel word, skaf 'n sluitkop vir die tenk aan. Om te verhoed dat u motor se wiele gesteel word, skaf wielmoere aan wat kan sluit en moet nooit u motor op 'n donker plek laat vir die nag nie.
- Laat u motor se registrasienommer op alle ruite in u motor graveer.

15. Veiligheid op straat:

- Laat u waardevolle besittings soos juwele en ringe tuis as u uitgaan.
- Moenie groot bedrae geld saamdra nie.
- Moenie alleen in donker plekke loop nie.
- Dra handsakke om die skouer en teen die liggaam.
- Dra 'n beursie in u binnesak en nooit in u agtersak nie.
- Vermoed swendelaars wat op straat bedrywig is met gelukspele of dobbelstene.
- Gebruik winkelvensters soos spieëls om iemand wat u agtervolg te fnuik. Stop skielik met u rug teen die venster of muur en dwing hom om voor te loop.
- Wees bedag op potensiële gevaar ten alle tye. Stap flink en doelgerig om sodoende nie te lyk soos 'n maklike teiken nie.
- Vermoed 'n samedromming van mense op sypaadjies en loop eerder 'n wye draai om so 'n samedromming as wat u deur dit stap.

- Sou u geld by 'n bank trek, bêre dit veilig op u persoon voordat u uitstap na die sypaadjie.
- Sleutels, sambreel, balpuntpen of knipmes kan effektief aangewend word vir selfverdediging.
- U moet altyd onthou dat 'n dief op die element van verrassing staatmaak om toe te slaan met die minimum weerstand en sodoende vinnig te ontsnap. Indien u op en wakker en bedag voorkom sal die dief u oorsien en liefs 'n makliker prooi aanval.